

NOG 'N ROKKIE VIR HAAR



Die kabelpatroon van dié rokkie is ongewoon omdat kables nie gewoonlik saam met reksteek gebrei word nie

BENODIGDHEDE: Patons Madella (50-g-bolle), 3(4) bolle wit; 1 bol elk geel, pienk en turkoois; 1 paar breinaalde van 4 mm; 4 knope; bypassende kabelnaald.

MATE: Om borsmaat van 43(46) cm te pas; lengte vanaf skouer 42(49) cm.

SPANNING: 18 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor reksteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); gl - glip; vlg - volgende; alt - alternatiewe; herh - herhaal; gut - garing vorentoe; gs - glipsteek; rif - riefelsteek (= een regs, een aweregs); beg - begin; RK - regte kant; pat - patroon; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; rs - reksteek (= elke ry regs).

Streepvolgorde: 4 rye turkoois, 4 rye geel, 2 rye turkoois, 4 rye pienk, 2 rye turkoois.

Let daarop dat kabelpatroon oor 10 ste gebrei word, die rokkie is verder deurgaans reksteek.

AGTERPANT: Met turkoois, stel 82(90) ste op en plaas kables soos volg:

1e ry: r 24(28), aw 2, r 6, aw 2, r 14, aw 2, r 6, aw 2, r 28.

2e ry: Brei regs.


3e ry: Soos 1e ry.

4e ry: Brei regs.

Slaan oor na geel.

5e en 6e ry: Soos 1e en 2e ry.

7e ry: r 28, aw 2, gl vlg 3 ste op 'n kabelnaald



en hou aan agterkant van werk, r 3, r ste vanaf kabelnaald, aw 2, r 14, aw 2, gl vlg 3 ste op kabelnaald en hou aan voorkant van werk, r 3, r ste vanaf kabelnaald, aw 2, r 28.

8e ry: Brei regs.

Slaan oor na turkoois.

9e en 10e ry: Soos 1e en 2e ry.

Slaan oor na pienk.

11e-14e ry: Soos 3e tot 6e ry.

Slaan oor na turkoois.

15e ry: Soos 7e ry.

16e ry: Soos 8e ry.

Slaan oor na wit en brei 4 cm, herh daarna weer rye 1-16.

Slaan oor na wit en brei reguit voort tot

werk 21(26) cm lank is vanaf begin. — 84(104) rye.

Vorm middel: Vlg ry: Begin rif vir middel, en heg in hierdie ry 34(38) ste eweredig gespasieer af — 48(52) ste bly oor.

Brei 6 rye rif — tot werk 22,5(27,5) cm lank is.

Vlg ry: * r 2, r2 tes, gvt; herh tot einde — gaatjiesry gebrei.

Vlg 5 rye: Brei rif.

Slaan oor na rs en brei voort tot werk 24(29) cm lank is — 96(116) rye.

Rugopening: Vlg ry: Brei 24(26) ste en stel 3 ste op vir knoopsgatflap. Plaas oorbl 24(26) ste op 'n reserwenaald.

Brei reguit voort tot werk 27(32) cm lank is — 108(128) rye.

Maak 'n knoopsgat in vlg ry, 3 ste vanaf knoopsgatrand.

Brei voort tot werk 30(36) cm lank is — 120(144) rye.

Mousgatvorming: Vlg ry: Heg 3 ste af aan beg van vlg ry.

Heg in daaropvlg 2 alt rye 2 ste en 1 st af vir mousgatvorming.

Brei reguit voort tot 5 cm vanaf 1e knoopsgat en brei weer 'n knoopsgat.

Brei reguit voort tot werk 35(41) cm lank is — 140(164) rye en vermeer 1 st aan mousgatrand; brei 6 rye en vermeer weer een st aan mousgatrand. Brei 'n derde knoopsgat, 5 cm vanaf 2e en brei dan reguit voort tot werk 40(47) cm lank is — 160(188) rye.

Skouervorming: Vlg ry: Heg 4 ste af aan mousgatrand, brei tot einde.

Vlg ry: Heg 3 ste af, brei tot einde.

Vlg ry: Heg 4 s' af, brei tot einde. Heg in vlg 4 rye 3 ste af aan begin van elke ry. Dit voltooi eerste skouer.

Tweede deel van agterpant: Keer terug na ste op reserwenaald en stel 3 ste op om knoopflap te vorm, brei tot einde.

Brei voort om met eerste deel ooreen te stem, al die vormings omgekeerd en sonder knoopsgate.

VOORPANT: Soos agterpant tot einde van middel-rif.

Slaan oor na rs en plaas kables soos volg: r 10, aw 2, r 6, aw 2, r 8, aw 2, r 6, aw 2, r 10; brei nou kabelpatroon voort soos gestel.

Brei voort soos agterpant, tot 8 rye na tweede vermeer aan mousgatrand.

Vlg ry: r 17, heg 6 ste af, r 17.

Vlg ry: Brei regs.

Heg in daaropvlg rye aan halsrand een keer 2 ste, en 2 keer 1 st af.

Vlg ry: Heg 4 ste af aan mousgatrand, hou halsrand reguit.

Heg nog 3 keer 3 ste af aan mousgatrand in daaropvlg rye. Dit voltooi die eerste skouer. Brei tweede skouer om ooreen te stem, al die vormings omgekeerd.

MOUVALLETJIE: Met wit, stel 57(63) ste op en brei rs.

Vermeer 20 ste eweredig gespasieer oor 2e ry — 77(83) ste.

Brei voort tot werk 1,5 cm lank is vanaf begin; heg dan 3 ste af aan begin van vlg 2 rye. Heg 4 ste af aan beg van daaropvlg 2 rye. Heg dan 5 ste af aan beg van daaropvlg 10 rye. Heg oorbl ste af.

AFWERKING: Stoom liggies. Werk skouer- en synate toe. Werk mouvalletjies 1 cm vanaf mousgatrand om mousgat vas.

Tel ste rondom halsrand op en brei 1 cm rif. Brei in vlg ry 'n knoopsgat, 3 ste vanaf rand. Brei nog 1 cm en heg af.

Werk knope in posisie vas. Met 'n paar drade van al die gebruikte kleure, draai 'n koordjie en ryg deur gaatjies by middel. ●